

LANDBOU- NUUSMAKER



GERHARD SCHOLTEMEIJER

MNR. Gerhard Scholtemeijer, voorsitter van die Proteïennavorsingstigting, is op die 9de internasionale sojaboonnavorsingskonferensie in Durban as lid van die Internasionale Sojaboonnavorsingsorganisasie vir Afrika, Indonesië, Europa, die Midde-Ooste, Oseanië, die Filippyne, Sri Lanka, Australië, Nieu-Seeland, Japan, Rusland en die Oos-Europese lande aangewys.

WIE HET DEELGENEEM?
Beleidmakers, navorsers, verbruikers van sojaboonprodukte vir dierlike en menslike verbruik en boere was daar. Daar was 'n spesiale agronomieprogram wat goed deur boere van Suid-Afrika, Argentinië, Brasilië en Amerika bygewoon is. Die konferensietema was veral op Derdewêreld- en ontwikkelende lande gemik.

WATTER WAARDE HET DIE KONFERENSIE VIR SUID-AFRIKA INGEHOU?
Die Suid-Afrikaanse sojaboonbedryf het blootstelling gehad wat baie min lande vantevore al te beurt geval het. Hierdie geleentheid, wat net elke vier jaar gehou word, was 'n eerste vir Afrika. Dit het 'n besonderse hupstoot aan ons vinnig groeiende sojaboonbedryf gegee.

WAT GAAN DAARUIT VOORTVLOEI?

Ná vier dae se lesings was die algemene gevolgtrekking dat sojabone internasionaal steeds stewig op pad is om minstens tot 2050 aan die verwagtinge te voldoen. Afrika se groot potensiaal is uit verskillende hoeke bevestig.